

Gebed bly onbeantwoord – Hermie van Zyl

Annatjie vra

Ek weet nie regtig hoe om die vraag te stel nie. Hoekom laat God so baie ongelukkige en hartseer dinge in 'n mens se lewe toe? Ek is 13 jaar terug geskei en het 3 pragtige dogters wat sonder 'n pa groot geword het. Hy wou en was net nie deel van hul lewe nie, en as hy hul kom besoek het, was hy besope. So het hul maar hul stiefoupa as 'n pa-figuur aanvaar. Hy het dit weer uitgebuit en die oudste en jongste verkrag.

Behalwe dit verloor ek ook my werk. Ek begin my eie besigheid ek sê elke dag vir God dankie vir die inkomste. Na 'n jaar en 'n half moet ek trek; nie dat ek die finansies gehad het daarvoor nie. Ek begin toe weer van vooraf met 'n besigheid. Om alles te kroon is my middelste meisiekind so ongeskik. Als wat ek doen, is verkeerd; ek mag ook met niemand praat nie. Hoe kan God al die goed toelaat om met my te gebeur?

Ek moet sê ek sien vandag dinge anders as wat ek dit aanvanklik gesien het. Ek is nader aan God want ek is meer op my knieë as wat ek loop, om net vir krag te vra om aan te gaan.

As God 'n God van liefde is, hoekom laat Hy toe dat al die lelike goed met 'n mens gebeur?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

'n Mens se hart gaan uit na ons vraagsteller wat met soveel onverstaanbare en onverklaarbare lyding in haar lewe te kampe het, veral vanuit 'n gelowige perspektief. Want haar vrae is

nie gebore uit opstandigheid nie, maar is eerlike vrae: As God liefde is en net die goeie vir ons wil, waarom is daar dan soveel ellende in my lewe? Wat in en met my lewe gebeur, rym eenvoudig nie met my verstaan van God as 'n God van liefde nie.

Ek kan die vraagsteller verseker dat sy nie die enigste gelowige met hierdie kwelvrae is nie. Trouens, dis vrae wat gelowiges reg deur die eeue gevra het en nog steeds doen. Dink maar aan die digter van Ps 73 wat worstel met die vraag hoekom dit klaarblyklik met die goddeloses so goed gaan, maar hy wat getrou aan God bly, kry swaar. Hy stel dit so: "Dat ek die kwaad vermy het ... het dus niks gehelp nie, want elke nuwe dag het vir my teenslae gebring en elke nuwe môre straf (Ps 73:13-14)." Hy voel dat dit hom niks in die sak bring om God te bly dien nie, want die goddelose is eintlik beter daaraan toe as hy. Waarom dus volhard met die goeie? God gee blykbaar nie om vir sy kinders nie. Of, Hy gee miskien om, maar is magteloos om iets aan hulle slegte situasie te verander.

Hoe beantwoord mens hierdie moeilike vrae waarop – laat my dadelik sê – daar geen maklike antwoorde is nie, nog nooit was nie en ook nooit sal wees nie. Daarmee moet mens vrede maak. Maar dit beteken nie dat daar geen antwoorde is nie, dat die gelowige geen troos het nie. Die digter van Ps 73 het byvoorbeeld vertroosting gevind in die feit dat die goddelose se pad net oënskynlik voorspoedig is; op die ou einde gaan hy onder en sy uiteinde is verskriklik (v18-20). Verder het hy ook vreugde gevind in die verhouding met God; hy is verseker van God se nabyheid, dat dit 'n verhouding is wat vir altyd standhou; en hy vind sy plesier daarin om binne God se wil te lewe (v21-28).

En dit is steeds nog maar ten diepste die enigste antwoord wat daar werklik is. Maar kom ons kyk hoe dié saak – die gelowige se worsteling met slegte goed wat met hom/haar gebeur – vanuit 'n breër Skrifperspektief belig kan word. Dalk help dit ons vraagsteller om ook 'n breër perspektief op haar eie situasie

te ontwikkel.

Die dilemma dat God skynbaar nie ingryp in ons lewens om dit beter te maak nie, is, soos reeds genoem, nie 'n onlangse probleem nie. Dis so oud soos die mens se verhouding met God. Die bladsye van die Bybel is vol hiervan. Dink maar aan die klassieke verhaal van Job. Sy lewe beweeg van ryklik geseënd, tot alles verloor, tot weer ryklik geseënd. Was dit werklik nodig dat sy geloof op so 'n verskriklike manier getoets word, in so 'n mate dat selfs sy vrou vir hom die raad gee om God te vloek en te sterwe (Job 2:9)? Het God een of ander behae geskep in Job se lyding? Kon Hy Job nie op 'n ander manier sterker aan die ander kant laat uitkom het nie? Want dis nie asof Job 'n ongelowige was nie – inteendeel. En Paulus, die groot apostel van die Here Jesus, se geloofspad was ook glad nie met rose besaai nie. In 1 Kor 4:10-13 en 2 Kor 11:16-31 vertel hy van al die verskriklike ontberings wat hy ondergaan het in diens van die Here. En dis nie asof hy 'n masochistiese genot geput het uit hierdie lyding nie. Nee, hy sou wat wou gee om daarvan ontslae te wees; hy praat daarvan as 'n doring in die vlees wat hom teister (2 Kor 12:7-10). Daarom dat hy die Here drie maal (beteken eintlik "herhaaldelik") gevra het om dit weg te neem, maar die Here het gesê dat sy genade vir hom genoeg is. Geen wonder nie dat Paulus in Gal 6:17 sê dat niemand hom moeite moet aandoen nie aangesien hy in sy liggaam die littekens van Christus dra. Hiermee wil hy sê: ek ken die weg van Christus; dis geen maklike pad nie, ek dra die bewyse daarvan aan my lyf.

Met bogenoemde oorsig oor Bybelse gelowiges se lyding wil ek nie mense soos ons vraagsteller se persoonlike worsteling met God probeer afmaak as onbelangrik nie, as iets waarmee ons maar almal worstel nie. Ek wil maar net die punt vanuit die Skrif maak dat geloof in God geen vrywaring is teen die aanslae van die lewe nie. Gelowiges is net so blootgestel aan die gevare en teisterings van die lewe as hulle wat nie in God glo nie. Ons is immers almal mense met dieselfde emosies,

behoefte, vrese en ideale. Ons verlang almal na geluk en 'n rustige lewe.

Maar wat is dan die verskil tussen die gelowige en ongelowige? Dit lê daarin dat gelowiges die teenlae van die lewe doelbewus, op 'n manier wat alle verstand te bowe gaan, in verband bring met hulle lewe saam met God. Hulle vind troos in die wete dat hulle naby God lewe (Ps 73:21-28), dat niks en niemand hulle van die liefde van God in Christus kan skei nie (Rom 8:35-39), dat God se genade vir hulle genoeg is en dat sy krag losgelaat word juis wanneer hulle swak is (2 Kor 12:9), en dat op een of ander manier alles tog ten goede meewerk vir dié wat vir God liefhet (Rom 8:28). Hulle lewensvreugde is dus nie primêr afhanklik van omstandighede nie, maar is diep gesetel in hulle verhouding met God. Al bot die vyeboom nie, al misluk die druiweoes, al word die vee minder, nogtans juig hulle in God, hulle Redder (Hab 3:17-18).

Die rede hoekom dit moontlik is, is omdat die gelowige weet dat sy of haar lewe *vir ewig* geborge is in God, nie net vir hierdie lewe nie. Daarom dat Paulus vanuit die opstanding van Christus redeneer as hy sê dat as mens net vir hierdie lewe op Christus hoop, ons die bejammerenswaardigste van alle mense is (1 Kor 15:19). God het in Christus 'n nuwe lewe begin wat tot in alle ewigheid duur. Ons beleef op aarde nog maar net die begin hiervan; deur die Heilige Gees proe-proe ons nog net daaraan. Ons hoop lê in Christus wat die bese en die dood oorwin het. In die mate wat ons aan Christus verbind is deur die geloof (geloof as lewenswyse van vertroue in Christus), in daardie mate word ons getroos met die wete dat ons deel het aan die ewige lewe en dat God eendag die tranes van ons oë sal afvee, eendag wanneer lyding, hartseer en dood, wat so deel is van hierdie wêreld, geen houvas meer op ons sal hê nie (Op 21:4). Hoe onwerklik God se nuwe wêreld ook al klink wanneer ons daagliks moet worstel met die onbeantwoorde vrae van die lewe, was hierdie wete en vaste geloof nog altyd die troos en krag van die gelowige. Vreemd, onlogies, maar waar.

Verder, omdat ons vanuit hierdie ewigheidsperspektief lewe, kan ons ook in geloof na die wêreld rondom ons kyk en nou reeds daarvan 'n beter plek probeer maak. Ons weet immers dat elke daad wat in liefde gedoen word, tot in ewigheid standhou (1 Kor 13:8), dat ons so belê in die hemelse skatte wat nie deur mot en roes verniel kan word nie (Matt 6:19-21). Ja, geloof vrywaar ons nie van aardse ellendes nie, maar dit open 'n hemelse perspektief (Heb 11:1) van waaruit ons elke dag se uitdagings aanpak. En presies dit gee moed, krag en vreugde in die lewe.

Verder, ons put ook krag en vreugde uit die geloofsverhale van ander. Die Bybel is vol hiervan, maar ons word ook daaglik omring deur mense wat dieselfde stryd as ons stry. So word ons verryk en versterk, en dra ons mekaar se laste (Gal 6:2). Ons moet ons dus nie onttrek van die geloofsgemeenskap nie. Die Hebreërbrief vertel byvoorbeeld van so 'n groepie gelowiges wat klaarblyklik weens die talle aanslae van die wêreld geloofsmoeg geword het, tot op die punt dat hulle afvallig wou raak. Maar dan bemoedig die skrywer hulle met allerlei aansporings om te volhard. Hy spoor hulle aan om die gemeenskap met ander gelowiges te beoefen (Heb 10:25), hy herinner hulle aan die geloofshelde uit die Ou Testament wat God se onsigbare (maar werklike) wêreld in die oog gehou het (die hele Heb 11, veral vv13-16). Hulle word herinner daaraan dat hulle op aarde pelgrims is sonder 'n vaste woonplek en so Christus se smaad moet dra (13:13-14). Hulle word dus aangemoedig deur die medegelowiges wat klaar die aardse stryd voltooi het, terwyl hulle die oog gevestig hou op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof (12:1-3).

Ek is maar te bewus daarvan dat al bogenoemde, hoe waar ook al, deur elke gelowige in sy of haar persoonlike omstandighede geïnternaliseer moet word. Niemand anders kan dit vir jou doen nie. Party vind dit "makliker" as ander; sommige se omstandighede is net soveel moeiliker as ander s'n. Maar elkeen kan daaraan vashou dat God ons nie alleen laat nie, al

voel dit so. Selfs Christus het geworstel met Godverlatenheid (“My God, my God, waarom het U My verlaat?”, Matt 27:46), sodat ons nooit weer van God verlate sou voel nie.

My hartewens is dat ons vraagsteller op die een of ander manier krag sal ontvang vir haar persoonlike geloofspad op aarde.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)

God sien ons – Francois Malan

Francois vra:

“Hoe moet Eksodus 24:10 “Hulle het die God van Israel gesien” en 24:11 “God het geen hand teen hulle gelig nie” verstaan word? Word dit nie algemeen in die Bybel geleer, soos byvoorbeeld in Eksodus 33:23 “Niemand mag my gesig sien nie”

Antwoord

Prof Francois antwoord:

Die tema van die boek Eksodus is: Die Teenwoordigheid van die Here (Jahweh, die Ek is) by Israel daar by Sinai. Hoofstuk 24 verteenwoordig die ideale einde van die verbondsluiting in hoofstukke 19-23, teenoor die teleurstellende einde daarvan in hoofstukke 32-33. Hoofstuk 24 vertel dat die Here sy verbond met Israel verseël.

Terwyl die verbondsluiting van hoofstuk 20 met die hele volk was, het hulle uit vrees vir die Here gevra dat Moses namens hulle moet optree (20:18-21). In hoofstuk 24 bevestig die Here die verbond wat Hy met Israel gemaak het deur ’n herhaling van die gebooe en bepalings van die Here wat in hoofstukke 20-23

gegee is. en die plegtige aanvaarding daarvan deur die leiers van die volk, by 'n altaar met 12 klippilare wat die volk verteenwoordig, as die ontmoetingsplek met die Here. Die helfte van die bloed van die offerdiere is op die altaar en die ander helfte op die verteenwoordigers van die volk gesprinkel. Die bevestiging van die verbond word afgesluit met 'n ete van die God van Israel saam met die leiers van die volk soos gebruiklik by verbondsluitings waar 'n gesamentlike maal 'n teken is van die gemeenskaplike band wat gelê is met die verbond tussen die bondsgenote. Tydens die ete het hulle Hom gesien (*ra'ah* met oë sien) en het nie gesterf nie, letterlik: 'teenoor die leiers van die volk van Israel het Hy nie sy hand uitgesteek nie, en hulle het God aanskou (*chazah* sien, aanskou) en geëet en gedrink.'

Maar wat het hulle van God gesien? In 24:1 het God gesê: as julle nog ver is, moet julle al voor My buig. In 24:10 word beskryf wat hulle van Hom gesien het: onder sy voete was 'n plaveisel soos saffiersteen, so blou soos die hemel self. In Jesaja 6:1 sê Jesaja: ek het die Here gesien. Maar wat beskryf hy van sy gesig van die Here? Die hoë troon waarop Hy sit, en slegs die onderste van sy kleed wat die tempel gevul het. So beskryf Eks 24:10 dat die leiers slegs gesien het wat onder God se voete is, wat lyk soos die hemelgewelf.

Toe die Here aan Abraham verskyn het (Gen 18:22-33), het die Here hom in die gestalte van 'n mens besoek. Twee ander mans het saam met die Here Abraham se ete geniet (Gen 18:2). In Gen 19:1 word gesê dat die twee ander mans engele was.

Ná die teleurstellende reaksie van die volk op die Here se verbond met hulle, deur hulle aanbidding van die goue kalf (Eks 32), laat die Here slegs sy voortreflikheid by Moses alleen verbygaan. Sy voortreflikheid is sy ewige naam Die Here/Jahweh ('die Eks is,' die ewig persoonlik teenwoordige werkende God van Eks 3:14-15) wat Hy uitroep, en dat Hy genade betoon aan wie Hy wil, en Hom ontferm oor wie Hy wil (Eks 33:19-20). En dat niemand sy gesig mag sien nie (Eks 33:23),

wat verander met Jesus se koms.

God se bevestiging van sy verbond met Israel word vervul met Jesus, die Seun van God, se instelling van die Nuwe Verbond tydens sy Paasmaal/Nagmaal saam met sy dissipels, met die kruis as sy altaar, met die wyn as teken van sy bloed van die verbond wat vir baie uitgegiet word tot vergewing van sondes (Matteus 26:28), om as die Lam van God die sonde van die wêreld weg te neem (Joh 1:29), om ons verhouding met God te herstel, sodat elkeen wat in Jesus en sy offer glo, kinders van God kan wees (Rom 8:16-17). Oor sy teenwoordigheid by ons het Jesus die Vader gevra om die Heilige Gees te stuur om vir ewig by ons te wees (Joh 14:15-17) en as iemand Hom liefhet sal hy ter harte neem wat Jesus sê en sy Vader sal hom liefhê en Jesus en die Vader sal na hom toe kom en by hom woon (Joh 14:23).

Oor die sien van God het Jesus vir Filippus gesê: Wie My gesien het, het die Vader gesien (Joh 14:9). En vir ons wat 2000 jaar later leef, het Jesus gesê: Geseënd is hulle wat nie gesien het nie en tog geglo het dat Jesus ons Here en ons God is (Joh 20:28-29). Die tekens wat Jesus gedoen het is in die Bybel opgeteken, 'sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat julle deur te glo die lewe in sy Naam kan hê' (Joh 20:31).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

God se genade vóór Christus – Hermie van Zyl

Willie vra:

Boodskapteks: Die geheimenis van God waarna Paulus in Efesiërs en Kolossense verwys (Ef 1:9; 3:3-9; Kol 1:26-27; 2:2), het betrekking. Kolossense 2 verwys na 'n "volle boodskap". Jode en nie-Jode het dus voordat God dit aan Paulus bekend gemaak het, nie geweet dat God ook nie-Jode sy kinders maak.

Kan u asseblief verduidelik hoe God se verlossing vóór Christus se koms gewerk het. Uit 'n Joodse oogpunt het die arme heidene seker nie juis 'n kans gehad nie. Kan dit wees dat daar in die Ou Testament aan heidene verkondig is hulle moet Jode word en die Joodse wette moet onderhou om gered te word?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Die vraag gaan spesifiek oor die redding van die heidene (nie-Jode) in die OT (d w s voor Christus). Hierdie situasie is wesenlik dieselfde vir heidene (nie-Christene) vandag, m a w, is daar redding moontlik vir mense *buite* Christus, veral mense wat nog nie die evangelie gehoor het nie? Ek sal my egter bepaal tot die heidene in die OT bedeling *voor* die koms van Christus.

Alle mense is gemaak na die beeld van God, d w s as God se verteenwoordigers op aarde (Gen 1:26-27). Dit beteken dat almal kragtens hulle menswees 'n ingeboude "aanvoeling vir God" (*sensus Divinitatis*) het, of, anders gestel, almal dra die "saad van godsdiens" (*semen religionis*) in hulle om. God het immers sy lewensasem in die mens geblaas (Gen 2:6); die mens beskik dus oor 'n ingebore morele gewete, hoe swak ontwikkel dit ook al mag wees. Almal het die vermoë om te haat, lief te hê, "die regte ding te doen", skuldig te voel, selfsugtig te wees, te vergewe – al die tipiese dinge van menswees, maak nie saak wanneer en waar jy gebore is nie. Daarom word die mense voor die tyd van die sondvloed (lank

voor die wet van Moses bekend was) aanspreeklik gehou vir hulle sonde (bv Kain: Gen 4:7; die mense op die aarde: Gen 6:13). En regdeur die OT hou God die heidene verantwoordelik vir hulle dade en word daar oordele oor hulle uitgespreek (Am 1:3-2:3). Hoewel hulle nie die spesifieke wette van Moses het soos Israel nie, word hulle nie verskoon nie. Hulle is steeds toerekeningsvatbaar; hulle is mense wat na God soek (Hand 17:27) en hulle beskik oor 'n algemene, ingeboude morele kompas waarvolgens hulle moet lewe. Dit is wel so dat mense merendeels hierdie ingeboude wet/gewete onderdruk en afgode in die plek daarvan stel (Rom 1:18-32). Nogtans staan God se wet in hulle harte geskrywe en het hulle 'n gewete wat hulle aanspreek (Rom 2:14-16).

Geen mens kan hom/haarself dus voor God verontskuldig dat hulle nie weet wat God wil hê nie – dis die duidelike boodskap van die Bybel. Teoloë praat soms van hierdie “ingeboude kennis” van God as die *algemene* openbaring, en vervolgens ook van God se *algemene* genade. Mense weet genoeg van God om volgens sy wil te lewe, en almal ervaar sy genade dag na dag. Hy laat immers reën en laat die son skyn oor die goeies én die slegtes (Matt 5:45). Voorgenoemde word egter onderskei van God se *besondere* openbaring en genade. Dít is die bekendmaking van God se wil aan Israel deur die wet van Moses en die profete (met die gepaardgaande bemiddeling van God se genade deur die offerkultus), en in die tyd van die nuwe verbond deur Jesus Christus, asook die besondere beleving van sy genade deur die versoening wat Christus aan die kruis bewerk het (Heb 1:1-2). Dít is dan wat Paulus in Efesiërs en Kolossense bedoel as hy praat van die geheimenis wat vir eeue verborge was maar nou in en deur Christus bekendgemaak is – dat ook mense wat nie Jode is nie, deel kan word van die Godsvolk. Hulle kan nou op dieselfde manier die besondere kennis en genade van God bekom as wat die Jode in die OT bedeling gehad het.

Op hierdie punt is dit nodig om na die redding van die heidene in die OT bedeling te kyk. Dat hulle van die begin af deel was

van God se genade-handelinge, staan soos 'n paal bo water. Reeds aan Abraham sê God dat in hom (Abraham) *al die nasies* van die aarde geseën sal wees (Gen 12:3; 22:18). Die verbond met Israel is dus net 'n "tussentydse maatreël"; God se eintlike bedoeling is al die nasies van die aarde. Dit sien ons bv in Jona se sending na Nineve. God is bekommerd oor hierdie heidense stad; hulle sonde skrei ten hemele, en Hy wil hulle kans gee om tot inkeer te kom. Dat met die koms van Jesus die heidene ingesluit word by die Godsvolk, is dus geen nuutjie nie, maar die vervulling van God se oorspronklike verbond met Abraham. God het nooit die heidene vergeet in die OT bedeling nie, maar het bloot êrens op 'n punt begin – by Israel. Nie omdat hulle so voortreflik was nie; intendeel, hulle was die geringste van al die nasies. Vir ons klink dit baie onregverdig dat een nasie so bo die ander bevoordeel word, maar dis bloot omdat ons dit vanuit menslike perspektief bekyk. God se handelinge is ondeelbaar, dis één. Sy handelinge met Abraham is reeds met die oog op die ganse menslike geslag; Hy sien in Abraham alreeds al die nasies van die aarde wat sy eiendom is. Die profeet Jesaja is ook duidelik daarvoor dat God se handelinge met die komende Messias as 'n lig vir die nasies bekend sal staan, tot by die uithoeke van die wêreld (Jes 42:1,6; 49:6; 60:1,3). Daarom dat in die NT genoem word dat wanneer die nuwe Jerusalem kom, die rykdom en luister van die nasies van die wêreld daarheen gebring sal word (Op 21:24-26). Almal word uiteindelik ingesluit by God se heil.

Dis vanuit hierdie allesomvattende Goddelike perspektief dat die historiese prosesse verstaan moet word. Die enigste manier waarop heidene in OT tye kon deel in die besondere openbaring en genade van God aan Israel (= redding), was om deel van Israel te word. En dit het van tyd tot tyd gebeur. So lees ons van Ragab, die Kanaänitiese vrou, wat opgeneem is in Israel omdat sy die verspieders gehelp het. Ook Rut, die Moabitiese vrou, word deel van Israel. Beide word voorouers van Jesus na die vlees, en as sodanig ingesluit in die geslagsregister van Jesus (Matt 1:5; vgl Jos 6:22-25; Rut 4). Met verloop van tyd

het dit ook gevestigde gebruik geword dat heidene uit eie, vrye geloofskeuse deel kon word van Israel. Diesulkes is proseliete genoem as hulle besny is en volledig die wet van Moses onderhou het, maar Godvresendes of Godvereerders as hulle net meelopers was en nie al die wette van Moses kon of wou nakom nie. In die tyd van die NT was daar reeds groot getalle heidene wat óf volledig proseliete óf Godvereerders/Godvresendes was (vir lg kyk Hand 10:1-2). In soverre hulle deel was van Israel, het hulle dus gedeel in die redding van Israel.

Ander heidene wat nie op hierdie manier deel geword het van Israel nie (uiteraard die meeste), was steeds die voorwerp van God se genade. Hoe presies hulle gedeel het in God se redding, is nie duidelik nie, net soos dit vandag ook nie duidelik is nie hoe mense buite Christus om (dié wat bv nog nooit van Hom gehoor het nie) moontlik opgeneem word in God se redding. Deel van die antwoord is sekerlik om te aanvaar dat God almal oordeel volgens die lig wat hulle ontvang het. God is nie onregverdig nie. Daarom staan daar dat as jy oortree sonder dat jy geweet het wat reg of verkeerd is, daar anders oor jou geoordeel sal word as wanneer jy geweet het en nogtans oortree (Luk 12:47-48; vgl Jak 4:17; 2 Pet 2:21). So kan ons aanvaar dat die heidene in die OT nie geoordeel is of sal word volgens die besondere openbaring wat in die Tien Gebooie of die afgeleide wette van Moses gegee is nie. Miskien kan dit so gesien word dat hierdie wette eintlik net 'n meer spesifieke vorm is van die innerlike wet van God kragtens mense se menswees, en dat hulle volgens hierdie innerlike wet geoordeel sal word. Ons kan hier ook verwys na die uitgebreide regstelsels wat in die antieke tyd onder bv die Babiloniërs, Grieke en Romeine voorgekom het. Ons gebruik in Suid-Afrika vandag nog die Romeinse regstelsel (in sy Romeins-Hollandse vorm) wat tot in antieke tye teruggaan – teken van die algemene openbaring en genade van God wat mense buite Israel verlig het.

Uiteindelik moet ons dus sê dat ons almal met Goddelike genade behandel word, want niemand kan in elk geval die wet van God – soos gegee deur Moses óf as algemene verligting – volmaak uitleef nie. Dít het Paulus reeds vir die gemeente in Rome gesê. Eers noem hy hoe sleg die heidene is (Rom 1:18-32), maar vir die Joodse Christene het hy ook nuus: ook hulle wat van oudsher God se wet gehad het, doen dieselfde verkeerde dinge as die heidene (Rom 2:1). Niemand kan dus sê dat hulle volkome volgens God se wet lewe nie, daar is nie een wat nie gesondig het nie (Rom 3:23-24). Gebore as heiden, Jood of Christen – ons leef almal uit sy genade. Maar dan gaan dit ook oor hoe ons op sy genade antwoord met ons lewens.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)

Die raad van God – Herrie van Rooy

Jan vra:

Amos 3: 7: Want die Here doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.

In ander skrifte word die raad van God ook vermeld:

Jes 46: 10: ... wat sê My raad sal bestaan en al wat my behaag, sal Ek doen.

Jer 23: 18: Wie het in die raad van die Here gestaan?

Luk 7: 30 Die Fariseërs het die raad van God verwerp.

Heb 6: 17: Die onveranderlikheid van Sy raad.

As die Here steeds dinge doen in die teenwoordige tyd wie sou die bevoorregte profete nou wees. Waaruit bestaan die Raad van God?. Wat word bedoel met die raad soos vermeld in die ander skrifte?

Antwoord

Prof Herrie van Rooy antwoord:

Die raad van God verwys gewoonlik na besluite wat God geneem het oor wat Hy gaan doen en wat gaan gebeur. Sommige van sy besluite het Hy geopenbaar en sommige van die dinge wat Hy geopenbaar het, is in die Bybel opgeneem. Dit raak besluite oor bv die skeppig, die mens, die beheer van die geskiedenis, die verlossingswerk van Christus, die tyd van die wederkoms, ens. Wat Hy vir ons saligheid nodig geag het, is in die Bybel opgeneem. Hierdie bepalende besluite van God kom uit die ewigheid en staan vas.

Die profete waarna hier verwys word, is spesifiek die Ou-Testamentiese profete, soos Elia, Jesaja, Jeremia, ens. As gelowiges moet ons optrede deur God se Woord (die Bybel) bepaal word. Die besondere openbaring van God, soos in die Bybel opgesluit, is voltooi en afgehandel, sodat daar nie meer vandag profete is aan wie Hy sy raad nuut bekend maak nie.

Skrywer: [Prof Herrie van Rooy](#)